



VAN DIE VOORSITTER

Hallo lede

Die jaar het vinnig weggespring. Ons het reeds twee suksesvolle uitstappies agter die blad asook ons algemene jaarvergadering met 'n lekker braai en kuier daarna.

Tydens die Algemene Jaarvergadering en daaropvolgende komitee vergadering is die nuwe komitee verkies, nl:

- Voorsitter: Charlotte Augustyn
charlottea100@gmail.com
- Ondervoorsitter : Chris Joubert
ccjoubert@gmail.com
- Sekretaresse : Annéli Machin
machina@ufs.ac.za
- Tesourier : Merlene Esau esaumc@ufs.ac.za
- Addisionele lede : Sorita Matthysen en Frances van Tonder
- Webmeester : Jacques Raubenheimer
mountainpursuits@gmail.com

Die Billi word deur Elana du Plessis geredigeer.

Ledesake

Soos uiteengesit in die notule van die jaarvergadering bring ek net weer die volgende onder jul aandag. Ledegeld verander as volg:

Enkellede: R190. Getroude pare of lewensmaats: R225. Skoliere en studente: R50

Ledegeld vir 2013 moet asseblief streng teen die einde van April 2013 betaal word. Kontak die Tesourier, Merlene, indien jy enige navrae ivm jou ledegeld het. Indien ledegeld nie teen Desember 2013 betaal is nie sal lede ongelukkig van die databasis verwyder word en weer intreegeld moet betaal. **Ons doen 'n beroep op al ons lede om asseblief betyds te betaal.**

Dit was vir my 'n groot voorreg en verrassing om die Goue Billi toekenning van die afdeling tydens die Algemene Jaarvergadering te ontvang. Dit is deur Nico Combrink oorhandig. Ek waardeer dit baie en beskou dit as 'n baie groot eer, veral in die lig van my ses voorgangers wat dit ook ontvang het. Hulle was sulke groot Bergklublegendes sedert die ontstaan van die afdeling. My dank aan Nico, die komitee en al die lede wat jul vertrou in my stel.

Ek wens almal 'n lekker stap en bergklim jaar toe.



TOEKENNINGS

Hierdie jaar was daar nie minder as vier lede wat toekennings vir 40 jaar ononderbroke lidmaatskap aan die afdeling ontvang het nie. Hulle is:

Essie Esterhuyze

Wilkie Barkhuysen

Frances Taylor

Nico Combrink

Hulle het elkeen 'n pragtige bergboek ontvang.

Kobus Theron is lid vir 30 jaar en het 'n geografeerde pen ontvang.

Die volgende lede het 10 jaar lidmaatskap gehad en elkeen het 'n lapelwapen ontvang.

Izak Fourie

Theuns en Hester Delpont

Lou en Landi Campher

Stefaans Breytenbach

Ons sê weereens dankie vir hulle getroue lidmaatskap.

NICO COMBRINK

Na baie jare as lid van die Bergklub se komitee, het Nico besluit om uit te tree. Dit is 'n groot verlies, maar sy jarelange goeie insette, en sy kennis en insig rakende Bergklub sake het 'n basis gelê vanwaar ons met vrug kan voort stap. Die digitale veranderinge wat hy deur die jare in die afdeling aangebring het, het sake vir almal makliker gemaak en ook daarop kan ons nou voortbou. Baie dankie Nico!

'n Klein geskenkie is namens die komitee aan Nico oorhandig.



GRIEKELAND 2012 - Deon du Plessis

AANLOOP

Toe Mollie Smit, ervare wêreldreisiger van ons Bergklub, aankondig dat sy binne 'n jaar na Griekeland teruggaan vir nog een van haar befaamde rand-rekker toere, was ek en Ryna eerste om ons name op te gee. Ons het jare vantevore in Griekeland met 'n Kombi-camper getoer. As mense hoor ek was op Kilimanjaro en my vra of ek dit weer sal doen, was my antwoord nog altyd dat as ek iets moet oordoen, sal dit Griekeland en sy eilande wees. So is sewe van ons Vrystaatse Bergklub lede dan einde September vir 'n twee weke lange toer na Griekeland om vir 'n week in

die Pelion-skiereiland te stap en ook op die Griekse eilande uit te kom.

OPPAD

Saterdagmiddag, 22 September 2012, ontmoet ons mekaar op OR Thambo lughawe in Johannesburg. Daar is Molly Smit, Ansa du Toit en Frances Taylor met wie ek oa al op Kilimanjaro en in Peru gestap het, Ryna wat hulle ook van Peru af ken, Charlotte Augustyn en Sorita Mathysen met wie ons ook al gereeld in meer onlangse jare gestap het en natuurlik myself as die haan onder die hennie. Ons Europese visa's het gelukkig op die laaste nippertjie gekom saam met Molly. Ons vlieg met Etihad, die nasionale redery van Abu Dhabi, waar ons natuurlik dan vroeg die volgende oggend na 'n lang oornag vlug land. Dis 'n malhuis op 'n lughawe wat te klein is vir die duisende reisigers en in die skerp roomkleurige woestyn is temperature al uiter warm so vroeg in die oggend. Dan nog 3000 km oor oa die Middellandse See en Turkye en pragtige eilande na Athene. Op die lughawe groet Mollie-hulle en Thanasis Pantes, eienaar en toergids van Walking Holidays Greece, mekaar soos ou verlore vriende. Na 2 weke sou ons verstaan waarom Thanasis eintlik al deel van ons bergklim familie is. Anders as in die ou dae van reisigerstjeks en drachmas trek, trek ons sommer Euro's per kredietkaart op die lughawe, laai ons Citroen Jumpy "taxi" en weg is ons.

DEPHI

Terwyl ons met die lieflikste snelweë om Athene snel, sien ons klaar een van die oorsake van die Griekse ekonomiese krisis - hierdie pad, wat vir die onlangse Olimpiese Spele gebou is, moes biljoene gekos het. Hoewel die ekonomie met seker die helfte gekrimp het, sou ons egter nooit hongersnood of uiterste armoede sien nie. Thanasis ry met ons na die westekant van Korinthe, maar nie om die ou ruïnes te gaan wys nie (dit kom op Mollie se volgende toer in 2013), maar om die Isthmus kanaal vir ons te wys. Hierdie kanaal wat seiltyd om die Peloponnesiese na Athene geweldig gesny het is in 1893 voltooi. Die merke soos die skepe in antieke tye oor die 6 km landlengte gesleep is, is vandag nog sigbaar. Maar wat Thanasis spesiaal vir ons kom wys het, was die motorbrug wat nie oplik as skepe verbyvaar nie, maar 20m onder die see wegsak! 'n Netjiese stuk ingenieurs vernuf.

Daarna weer terug na Athene se kant en na die noordweste, verby vrugbare katoenlande en sonpaneel plase terwyl reuse windlaaiers op die randte staan. Die Parnassus berge wat Athene sy water gee lyk indrukwekkend. Laatmiddag kom ons by ons oornagplek by die Hotel Appolonia in Delfi aan.

Die uitsig vanaf ons dakbalkon oor die dorpie se oranje kleiteël dakke, die diep olyfboom woud vallei onder ons en die volgende bergreeks en die see in die verte is pragtig. Die ligte vlug versnapperinkies is al lankal vergete en hoewel ons min op die vliegtuig geslaap het, is ons lus vir 'n ordentlike ete. Dan volg die patroon vir al die aandetes en sommige middagetes saam met Thanasis – hy neem ons na 'n taverne en bestel seker (voel soos) tot 10 veskillende gange disse wat ons deel. Jy kry nie net ervaring van 'n enkele gereg per maaltyd nie, maar 'n talryke verskeidenheid. Dit is eintlik meer 'n 'gourmet' ervaring as 'n staptoer. Thanasis roem homself dat sy staptoere die enigste is wat jy swaarder terugkom as wat jy op gegaan het! Die basis van meeste Griekse geregte is natuurlik feta kaas, met olyfolie wat ook gereeld gebruik word. Ons moes net ons eie drank koop; met die huiswyne wat bekostigbaar en altyd drinkbaar was. Veral die eerste aand het die rasend honger stappers hul oorhoeks geëet aan die een gereg wat net lekkerder was as die vorige. Die aand se toppunt was beslis die stroopsuiker soet baklava turkse nagereg. As Thanasis so oor sy effe groot maag vryf, sê hy dat hy ons baie "experience" gaan gee.

Delfi is bekend vir sy orakel of waarsêster van antieke tye. Ruïnes van ou skatkamers (soos die konings die orakel probeer omkoop het), tempels en selfs 'n sportstadion is oral opgegrawe. Ons spandeer die oggend tussen die ruïnes en die argeologiese museum. Vir middagete is dit af na 'n taverne in die hawedorpie naby Delfi en daarna ry ons deur 'n doolhof van berge na die noordooste.

PELION SKIEREILAND

Die Pelion skiereiland lê aan die ooskus van Griekeland tussen Athene en Thessalonika. Dit is bekend as die tuin van die gode, die vrugtemandjie van Griekeland en die land van die Centaurs, die perdmans van Griekse mitologie. Ons eerste blik van ons stapgebied is van oor die Pagasitikos Golf, naby Volos, die hoofdorp van die gebied en tuisdorp van ons toergids. Ons verken eers Volos voor ons deurry na ons basis vir die volgende twee dae, nl die bergdorpie Miliés (Grieks vir heuning). Ons bly in 'n nuwe hotelletjie met 'n swembad wat uitkyk oor die Pagasitikos Golf. Audrone en Vasili, Thanasis se Lithuaniese vrou en babaseun, sluit die aand by ons aan vir ete in die taverne.

Stapdag 1: Miliés na die kUSDorpie, Kala Nera en terug. Die stap volg eers die smalspoorlyn oor hoë brûe tussen woude en toenemend olyfbome soos ons sak. Van die spoorlyn af is daar oral ou geplaveide paadjies (calderimi) wat uit die Turkse okkupasie tye dateer. Ons sien heelwat van die tradisionele klipsteëldakke

van Pelion en sommer gou is ons onder by Kala Nera. Omdat dit begin warm raak, swem ons in die helder water. Middagete is 'n seegereg by 'n taverne, waar nog 'n stapper, Anné van België, haar by ons stapgroep aansluit. Die 500m klim in die middaghitte na die tradisionele groot ete, is maar moeilik, maar daar is darem die vooruitsig van 'n lekker swembad. Vir aandete neem Thanasis ons terug na die taverne in Kala Nera.

Stapdag 2: Miliés – Tsangarada – Damouchari. Ons stap eers verby appelboorde waar van die plukkers vir ons groot appels gooi om te eet. Die Grieke was oral baie vriendelik en ons toergids moet met groot omhaal van woorde en kopskuddend van ongeloof oral aan almal verduidelik dat ons van ver af kom om in hul pragtige omgewing te kom stap. Ons klim uit tussen die kastaingbome, waar ons van hul neutte uitdop en eet en dan op 800m oor die rug van die skiereiland waar ons die Egeiese See sien. Middagete is 'n piekniek uit Thanasis se sak in 'n woud waar jy oral dwergies sal verwag. Daarna is dit verder stap deur die woude en later boorde. Dit raak weer warm en Thanasis reël 'n plaasbakkie om ons die laaste entjie na Tsangarada te neem. Feitlik alle Griekse dorpspleine lê om 'n fontein, 'n groot plataan boom en 'n Grieks Ortedokse kerk. Tsangarada spog egter met 'n reuse plataanboom van minstens 1200 jaar (sommige sê 1800 jaar) oud. Dit raak darem koeler in die middag soos ons afsak na die kus. Oral is pragtige nuut geboude huise wat leeg staan aangesien die Engelse en Duitse rykmans eienaars net in die spits vakansieseisoen in Augustus hier kom bly. 80% van alle huise in die suide van Pelion behoort aan Duitsers. Ons sak teen die steil hellings af tot waar ons op die prentjie mooi kusdorpie van Damouchari met sy helder groen water kan afkyk. Dis Griekeland op sy mooiste en ons is net betyds vir 'n swem terwyl die skadu's lank word. Damouchari bestaan net uit 'n paar huise, maar in die taverne waar ons die aand eet, is memorabilia van die ABBA fliek, "Mamma Mia"!

Stapdag 3: Damouchari – Fakistra – Damouchari. Ontbyt is in die taverne by die see met die oorblyfsels van die hawetjie wat in die genoemde fliek "Mamma Mia!" gebruik is. Asof ons nie alreeds by 'n fantasties mooi Damouchari is nie, stap ons na die nog mooier baaitjie van Fakistra. En om Thanasis se gunsteling woorde te herhaal: "If it is the most beautiful place in Greece, then it is probably the most beautiful in the universe". Met die spierwit marmerklip, steil kranse, diep blou oop see en helder groen water langs die kus en geen geboue, moes ons net saamstem. Ons beny Thanasis se dag op "kantoor". Hoewel dit nie 'n ver stap is nie, is dit maar 'n rowwe stap. Ons stap ook na 'n skouspelagtig mooi uitsig by 'n oorhang kranse waar

geheime Griekse klasse gehou is ten tye van die Turkse okkupasie. Terug in Damouchari, gryp ons weer ons snorkels en jaag vissies rond in die stil helder water. Tydens aandete by dieselfde taverne, maar met nuwe disse, kuier ons heel lekker met die eenaar wat een van die min Grieke is wat Engels verstaan.

Stapdag 4: Damouchari – Papa Nero – Kissos –Chania. Thanasis het dringende besigheid en ons word vandag gelei deur 'n jong, maar ewe bekwame dame wat redelik sag op die oog is. Eers 'n swem by die naburige kusdorpie, Papa Nero, voor ons tussen die vrugtebome, huise en naderhand pragtige inheemse woude uitklim. Net toe ons by die een woud uitkom, wag Thanasis ons in met weer 'n heerlike piekniekete. Die dorpie Kissos is bekend vir sy pragtige St Marina Grieks Ortedokse kerk met veelkleurige marmer pilare en uitgebreide muur fresko's. Gelukkig is Thanasis darem by met sy minibus om ons na die oornag hotel by die ski-oord van Chania op 1260m te neem. Na 'n middagwandeling na die radarposte op Pelion se hoogste bergspitse kom ek in die dorpie af op sommige van ons stappers waar hulle half in die middel van die hoofstraat by 'n taverne ietsie vloeibaars nuttig. Ja-nee, ons stappers begin regtig meegevoer raak met die Griekse lewenswyse.

Stapdag 5: Sirkelroete om die ski-oord van Chania. Ons stap verby een van die 11 ski-oorde in tradisioneel warm Griekeland. Dis 'n pragtige stap deur die beukewoude met uitsigte na die see aan weerskante van die Pelion skiereiland. Daar kom 'n paar scrambler motorfietse verbygejaag met hul kenmerkende oordrewe lawaai, maar vir een keer juig ons stappers hul toe, toe hul 'n leermag van jagters met haelgewere, honde en radios op soek na wilde varke, se jag bederf. Middagete piekniek is by een van die ski-hellings - gelukkig was dit nog te vroeg vir sneeu. Namiddag ry ons see toe vir 'n swem. Ryna het haar staphoed wat van Peru af kom, die vorige dag op Kissos se dorpsplein vergeet en ons draai af daarnatoe, waar die hoed nog ewe veilig lê! Ons uit SA het al vergeet van die dae toe niks weggeraak het nie. Ons swem aan die ooskus by Agios Ioannis; nog 'n pragstrand. Pelion is een van die min plekke in die wêreld waar jy klaarblyklik in die winter kan sneeu-ski en 'n halfuur later in die see kan swem. Die aand is ons weer terug by Chania se hotel vir die gewone ekstensiewe etc.

Stapdag 6: Chania na Portaria. Dis ons laaste stapdag en ons volg die tradisionele roete van mitologiese centaurs (halfmens/perd) deur die beukewoude. Ons kom af op natuurbewaarders wat 'n man vastrap waar hy onwettig hout saag. Die klam woude word verder wes eers vervang met droër dennewoude en dan struikgewasse. Die uitsig ver onder ons oor die

Pagasitikos Golf en Volos stad is pragtig. Vir oulaas nog 'n ordentlike ham slaabroodjie vir 'n piekniekete en te gou bereik ons ons oornaghotelletjie by Portaria. Die middag kuier ons nog in die dorpie Portaria rond. Teen laatmiddag neem Thanasis ons na die tradisionele toeristedorpie van Makrinitza, ook genoem die balkon van Pelion, waar dit uitkyk oor die Pagasitikos Golf en Volos. Die aand eet ons in die buitelug op die plein van Portaria waar ons afskeid neem van die Belg, Anné. Waar ons meestal met ons mond vol tande staan as Thanasis Grieks praat met sy vriende, moes hy baie keer ook op sy neus kyk as ons Afrikaans en Vlaams met mekaar praat.

Na ontbyt by die hotel waar ons finaal afskeid neem van Anné, (sy gaan verder met Thanasis in Pelion toer), is ons vroegoggend af na Volos se hawe om die veerboot na die Sporades groep van eilande te vang vir die volgende deel van ons toer.

SPORADES EILANDE

Dag 1 na die eilande en ons vaar met 'n reuse veerboot uit die Pagasitikos Golf, om die Pelion Skiereiland na die welbekende Skiathos eiland en meer by die hoofdorp met dieselfde naam vas. Daarna vaar ons na Skopelos eiland waar die veerboot in die toeriste buite-seisoen net tot by die Loutraki hawe by Glossa gaan. Ons pas met moeite in twee klein motortjies met ons bagasie in en ry verby pragtige strande aan die weskus na die dorp Skopelos in die suidooste van die eiland, waar ons in weereens 'n lekker hotel met groot swembad bly. Die middag verken ons Skopelos en loop natuurlik ons twee kroegvlieë by die verste taverne in die hawe raak. Ons gaan snorkelduik en oortuig die twee professionele fotografeer om die hawe nie net tussen die Fix biere deur te fotografeer nie, maar ook vanaf die reeks Grieks Ortedokse kerke wat bokant die hawe verrys, af te neem. Nodeloos om te sê dat toe ons na die volgende strand stap om verder te gaan snorkel duik, die twee in die nou gangetjies na die volgende taverne verdwyn het. Weens die oordonderende klomp Griekse disse wat ons voortdurend by Thanasis gekry het, neem meeste van ons 'n blaaskansie van etes en kuier saans sommer oor 'n blikkie vis, kaas en beskuitjies en natuurlik die 1.5 liter bottels rooiwijn. Oggendetes word deur die hotel verskaf en hier eet ons onself weer oorhoeks aan die soet joghurt, room, groenvye en versuikerde kersies.

Dag 2 op die eilande en ons vaar met 'n groot seiljag, wat sy laaste vaart vir die seisoen doen, na Alonissos eiland toe. Daar heers 'n baie gemoedelike stemming op die seiljag en ons vaar halfpad langs die pragtige eiland kuslyn af, waar die seiljag sommer teen die rotse by 'n mooi baai by Leptos Galios vasmeer. Ons snorkelduik weer terwyl die enkele taverne op die

strand groot aftrek kry. Ons begin ons terugvaart, maar die seiljag gooi ankers uit 'n ent van die kus by Christi Milia en ons duik almal oorboord vir 'n swemsessie rondom die boot. In Griekeland verwag jy onderwater sig van 'n versommende 30m plus, maar hier is ek seker was die sig oor 100m. Die seegrotte by Votsi word behoorlik van naderby bekyk, voor ons na die nuwe hoofdorp van Alonissos, nl Patitiri vasmeer. Daar is nie veel in Patitiri te siene nie en toeriste besoek gewoonlik (C)hora, die ou hoofdorp van Alonissos wat in die 1960's deur 'n aardbewing vernietig is en nou weer herbou is. Ek en Elsa is nie lus om vir die bus te wag nie en stap vinnig die 4 km teen die berg uit. Die Ortedokse Grieke het die pragtigste en mees goedversorgde begrafplase wat mens kan kry. Net buite Hora op die rug van die berg met 'n fantastiese uitsig oor die see en diep baaie, sit so 'n begrafplaas. Ek gaan nie te veel spook as julle my eendag daar wil bêre nie. Ons het die ou fort, die (gewone) pragtige kerke, uitsigte na weerskante van die eiland en ander pragtige bouwerke al platgestap, toe die res van die geselskap eers per bus daar aankom. Daar word gesê dat 90% van alle huise in Alonissos deur Britte besit word. Van die bietjie wat ons gesien het, kan ek my daarmee vereenselwig. Ons is redelik kis na 'n lang dag in die son, as ons die terugvaart tussen die kleiner eilande deur, na die kransagtige kuslyn suid van Skopelos neem. Vir oulaas haal die skeepsbemanning 'n paar bottels Ouzo, daardie sterk vuurwater van die Grieke, uit en die toeriste begin nou weer jolig raak. Die dag na Alonissos was 'n ervaring en een van die (talle) hoogtepunte van die toer.

Dag 3 op die eilande en die ouer garde stap die 5 km na nog 'n Mamma Mia fliet strand, nl Gisteri. Die flietmense het beslis net die pragtigste strande uitgekies en Gisteri se helder blou baai sal ons altyd bybly. Die ander draai terug, maar ek en Elsa stap vir baie kilometers langs die oostelike kus met sy steil kuslyn, beskutte baaitjies en selfs woude in die berge. Skopelos is egter groter as wat ons gedink het en die paadjies kronkel te veel met die gevolg dat ons die kapel van die Mamma Mia fliet net in die verte gesien het. Die ander twee van ons groep het na bewering met fietse die weskus van die eiland deurkruis.

Dag 4 op Skopelos. Ons wil 'n motorfiets huur om die eiland te verken, maar niemand het 'n motorfiets lisensie nie en selfs sonder 'n internasionale rybewys, kry jy nie eens 'n motor te huur nie. Ons stap maar die 8 km na die weskus na Stafylos se strand, wat een van die mooier plekke in Griekeland is en as dit die mooiste in Griekeland is dit waarskynlik . . . Dit raak effe bewolk, maar ons kry darem gesnorkel voor groot en koue reëndruppels ons uit die water jaag. Dis ons

eerste onweer in Griekeland en die reën stort neer. 'n Wolkbreuk kan selfs ook die mooiste strand bruin laat. Ons gaan skuil by 'n nabygeleë taverne wat besig is om vir die seisoen toe te maak. Die weer bedaar darem naderhand en die taverne eienaar bestel vir ons 'n taxi wat ons teen 'n baie billike tarief terugneem Skopelos toe. Hier dwaal ons deur die dorp en raak van al die lastige oortollige Euro's ontslae. In die hawe op 'n luukse seiljag sien ons twee Labrador honde wat die Middelandse See saam met hul eenaars deurkruis.

Dag 5 en die oggend vroeg is ons met die vinnige hydroplane boot uit Skopelos weg. Dit is nie so lekker soos die veerboot nie, want jy moet die hele tyd net op jou sitplek binnekant sit en kan nie lekker buite sien nie. So kom ons terug in Volos waar Thanasis, ons toergids, ons weer in sy mikrobus kom optel.

TERUGTOG

Van Volos af hou ons teen die ooskus. By Thermopyles is daar 'n warmwater bron wat uit die berg loop en ons baai 'n bietjie in die warm minerale water. As Thermopyles dalk bekend klink - ja, dit is die einste plek waar koning Leonidas en sy 300 Spartaanse krygers onvergeetlike roem verwerf het toe hulle 'n oormag Persiese soldate vir 3 dae teë gehou het. Ons duik vir oulaas weer in die helder blou see, voor ons die tolpaai verder Athene toe neem.

Ons bly in 'n netjiese groot hotel naby Athene se stasie. Die woonbuurte daarrondom, is egter oorstrom deur armoedige, meestal onwettige Moslem immigrante. Op die dak van die hotel is 'n swembad en oulike foto's word geneem waar ons swem met die antieke Akropolis as agtergrond en ook later die aand met 'n verligte Akropolis. Die aand neem Thanasis ons vir oulaas na 'n Kretaanse taverne waar ons weer heelwat "experience" optel.

Die volgende oggend dwaal ons deur Athene se strate en besoek parke en die Argeologiese Museum. Teen middagete neem Thanasis ons na die lughawe wat 'n redelike ent buite die stad is. Ons neem afskeid van Thanasis wat werklik 'n puik toergids was, wel so goed dat Mollie alreeds binne 6 maande die volgende toer na die Peloponnese (suide van Griekeland) gereël het. Die heel laaste Euro's word op die lughawe van ontslae geraak en neem maar die wenk dat jou parfuum en ander luukse goedere heelwat goedkoper in Athene is as in Abu Dhabi. Die Griekse eilande en later die Turkse eilande vertoon pragtig uit die lug voordat ons oor die ongenaakbare woestyne van Arabië vlieg.

Ons trotseer weer die miernes by Abu Dhabi se lughawe in die vroeë aand en kom na oponthoude weg op ons volgende vlug. Die enigste ligpunt van

vervelige vlugte is dat daar op al vier ons vlugte met Etihad, elke keer minstens een Afrikaanssprekende lugwaardin was. So kom ons darem vroegoggend in Johannesburg aan waar ons hegte groepie vriende uit mekaar spat.

ALGEMENE INDRUKKE

Mollie het weereens 'n puik, glad verloopte en ekonomiese oorsese staptoer vir ons gereël en namens al die ander, ons opregte dank aan haar. Soos die Kili vraag wat altyd opkom, sal ek weer Griekeland toe gaan? Nouja, die taal, Grieks is ... wel Grieks en selfs net om die Griekse letters te lees, het jy 'n graad in wiskunde nodig. Gelukkig is daar darem baie keer Engelse weergawes van die plekname. Met hul ekonomiese krisis het ontwikkelings en bouwerk tot stilstand gekom, maar andersins werk alles nog en die Grieke verwelkom nou toeriste meer as ooit. Die mense is regtig vriendelik en diefstal is feitlik onbekend. Oral is antieke geskiedenis en mitologie, maar dis die onbeskryflike mooi blou see teen wit marmmeragtige berge en eilande wat jou laat besef mooier gaan jy nie kry nie. Die toeriste seisoen eindig einde Augustus en die weer is ook koeler, dus is September en selfs Oktober seker die beste tyd om te gaan. Ons het al vantevore vir 'n maand lank in Griekeland getoer, maar sonder 'n toergids mis jy soveel van die ervaring van Griekeland. Die pryse van die kamers waarin ons gebly het, was alleen meer as die totale toerprys, die ongelooflike verskeidenheid etes en voeg daarby nog dat jy nie in die vreemde hoef motor te bestuur nie, was dit nie net 'n winskoop om saam met Thanasis te toer nie, maar ook 'n aangename ervaring. Om terug te kom of ek weer in Griekeland sal toer, is die antwoord 'n besliste ja en indien moontlik, sommer gou weer. Kontak gerus vir Thanasis Pantos op www.walkingholidays.gr of e-pos by thanasis@walkingholidays.gr.



Tseketsseke - Cleft Peak - Windy gap - Camel's Back

Ons was aanvanklik agt persone wat die roete sou aandurf, wat 'n lekker groepie vir die Drakensberge sou wees, maar uiteindelik was dit net ek en Fanus en Rob Gordon - 'n kontrakaanstelling by Antropologie en 'n baie aangename persoon.

Die oorspronklike reëlings was dat ons die Vrydagaand in die Cathedral Karavaan- en kampeerplek teen R90.00 per persoon sou oornag. Koste vir oornag in die berg is R50.00 per persoon per nag. Die aanbevole roete was oor Van Reenenspas omdat die Oliviershoekpas nog steeds grootliks onbegaanbaar is. Dit het byna heelpad gereën en op Van Reenen het die langnaweekverkeer in die donker en die reën teen slakkepas aangekruie. Omdat ons net drie was, het ek en Rob toe besluit om eerder by Fanus in Ladysmith oor te slaap en die Saterdagoggend vroeg deurgery na Cathedral toe. Ladysmith is 94 kilometers oor Winterton na Cathedral toe. (Die draai is 36

kilometers as 'n mens Ladysmith oor ry eerder as direk Winterton toe.)

Die plan was in elk geval om die Saterdagmiddag net tot by Tseketssekehut by die 7000 vt. kontoerlyn te stap.



Dis 'n goor hut van sink in 'n bedenklike toestand waarvan die houtvloer vir brandhout uitgeruk is en ons op die stowwerige grond moes slaap. Ons drie het dit met 'n groep van 5 van Engeland gedeel ('n Afrikaanse mediese dokter van Suid-Afrika met 'n aanvallige Britse 'nursie' en vriende). Die Sondag het ons Tseketsseke-pas uitgeklim.

Die groot verspoelings van Februarie 2011 het dit 'n moeisame en stywe klim gemaak. (Sien foto wat van die Camel's Back af geneem is.) Daar is haas geen paadjies nie en jy sukkel vir die grootste gedeelte voort oor groot rotsblokke in die stroombedding, behalwe vir die bekende lang laaste sloep. Dit het ons die grootste deel van die oggend geneem om daar uit te klim en die uwe was by tye lekker kortasem. Ek kan nie glo ons het dit voorheen in een dag vanaf die parkeerruimte uitgeklim nie. Dis iets vir slegs die heel sterkstes en fiksstes onder ons.

Die mis het teen eenuur opgeklaar en ons het ombeweeg na Cleft Peak toe. 'n Mens kan maklik verdwaal as teen die laer heuwelhange van Lesotho self beweeg word, in plaas van bo-op die eskarpementrand te probeer bly. Ons het by 'n waterstroom een vallei voor die Orrelpyppas kamp opgeslaan. Bo-op die berg teen die suidelike hange en die sloepe was nog heelwat sneeu, soos blyk uit die foto.

Daardie nag het 'n woeste wind gewaai en het die temperatuur ver onder vriespunt gedaal. Rob het net 'n liggewig noodtent gehad, wat om twee-uur die nag



saam met sy opblaasmatras in die riviertjie ingewaai het. Hy het sy toerusting weer gevind, maar toe op uitnodiging by my en Fanus kom inkruip. Toe ek later die nag hoor die oorsee klap teen die tent het ek die tentpenne gaan terugdruk wat by die tentklok uitgeruk is, en 'n paal deur die oorsee gedruk wat dit geskeur het. Die voordeel is dat ek nou 'n nuwe Kilimandjaro tweemantent gekoop het wat ek teen 'n groot afslagprys bekom het!

Maandag het ons in mooiweer met die Orrelpype afbeweeg totdat ons die skeur aan die linkerkant – Windy Gap – gekry het waarna ons met die Kameel se Rug langs 'n sirkelstap voltooi het na die beginpunt toe. Ons het heelwat later by die voertuie teruggekom as wat ons beplan het. (Dis altyd goed om tot drie ure later in die bergregister in te vul vir die verwagte tyd wat 'n mens uit die berg sal wees.)

Rob se werksprogram het meegebring dat hy nie spesifiek die Dinsdagoggend by die werk moes wees nie. Ons het dus het 'n lekker steak in Ladysmith geëet, by Fanus oorgeslaap en vroeg die Dinsdagoggend teruggeruggery Bloemfontein toe.

Dalk is ek oorversigtig nadat Job op 'n uitstappie van my deur 'n berggadder gepik is, 'n meisie op een van my Amatolastappe haar enkel gebreek het pas nadat ek gewaarsku het dat hulle nie op die nat gedeeltes van die klipbank moet trap nie en Elsa se val in die Sederberge bokant die Wolfbergskeure. Vir die rekord herhaal ek in dié verslag die inligting wat ek oor die gevaar van die Windy Gap/Camels Back-roete gegee het in die staptogregister.

Dit is nie aan te beveel om met Windy Gap en Camel's Back in reënweer af te kom nie. Dit is aanskoulik en opwindend. Die paadjie is effe blootgestel en smal met die afgrond vir groot dele langs jou. Daar is drie plekke

waar die paadjie weggespoel het wat versigtig in droë weer oor die afgrond geklim kan word, maar in nat toestande in twee gevalle glibberige skuins klipbanke sal wees en een 'n modderbank waarop 'n mens kan gly of dit kan verkrummel. Daar is slegs 'n grasbank aan die linkerkant en die afgrond aan die regterkant, wat dit nie moontlik maak om iemand per tou te beveilig nie. Die heelwat langer ompad via Orrelpyppas sal in so 'n geval die veiliger roete wees.

Ek het die weersomstandighede vooraf presies gemonitor. Dit is m.i. onwys om dié roete te stap weens die blootstelling as daar enigsins sprake van selfs gematigde reën voorspel word.

Groete

Nico

Oppad na Everest Basiskamp



Nadat ek verskeie lede van die Bergklub van Suid Afrika hoor vertel het van die onbeskryflike natuurskoon van die Himalajas was dit vir baie jare my begeerte om dit self te gaan beleef. Veral Charlotte en Mollie het my aangemoedig om hierdie opwindende bergwêreld te gaan geniet.

